Dagstuk

Hoe hoor ons die Here se stem

Wel, op 'n paar maniere, soms op vreemde maniere: In die Bybel was daar verskynings van engele, God self, deur dinge wat op die regte tyd gebeur het, bv die ram wat presies op die regte tyd daar was toe Abraham Isak wou offer. En hulle het dit dan ervaar as die Here wat iets wil sê. Vandag hoor ons die Here deurdat ons die Bybel lees of gelowige mense wat iets bevestig. Maar ook deurdat ons vrugte van ons bekering dra en die regte dinge doen, kan ons vir ander mense God se stem wees wat hulle hoor. Mense hoor God deur ons, deur wat ons doen. Daarom kan ons aanneem dat iets wat ons hoor, dikwels nie net vir ons bedoel is nie, maar vir die mense rondom my. Ek moet net gehoorsaam wees en doen waarvoor God my geskep het. En God sal sy stem en wil en bedoeling deur my laat hoor.

Dit is wat gebeur met Josef, as hy naby God leef, en die mense rondom hom beleef seën en vrede en guns:

Genesis 39: 1 - 4

1Josef is na Egipte toe gebring. Potifar, 'n amptenaar van die farao en hoof van die lyfwag, 'n Egiptenaar van geboorte, het vir Josef by die Ismaeliete gekoop wat hom Egipte toe gevat het. 2Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly. 3Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, 4was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding, en al sy besittings is onder Josef se sorg geplaas. 5Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat die Here dit gedoen het.

Vrae om oor na te dink

1. Wat dink jy het Josef gedoen, hoe het hy God se beginsels uitgeleef?
2. Wat kan ek en jy doen om ander mense na God toe te trek?
3. Die kerk in die wêreld se taak is juis om God se 'stem' te wees. Wat maak dit vir die kerk moeilik?
4. Dink aan 'n keer waar jy iets goeds gedoen of gesê het, en bewus geraak het dat die Here dit gebruik om iets groters te doen.